Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

# GOVERNMENT GAZETTE

## OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

## REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

# STAATSKOERANT

*Registered at the Post Office as a Newspaper* *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

Selling price • Verkoopprys
(GST excluded/AVB uitgesluit)
Local **70c** Plaaslik
Other countries R1,00 Buitelands
Post free • Posvry

VOL. 309 CAPE TOWN, 28 MARCH 1991
KAAPSTAD, 28 MAART 1991 No. 13112

STATE PRESIDENT'S OFFICE

No. 660. 28 March 1991

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 7 of 1991: Protection of Animals Amendment Act, 1991.

KANTOOR VAN DIE STAATSPRESIDENT

No. 660. 28 Maart 1991

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 7 van 1991: Wysigingswet op die Beskerming van Diere, 1991.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

**[ ]** Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

________ Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

# ACT

**To amend the Performing Animals Protection Act, 1935, so as to extend the provisions of the Act to include dogs used for safeguarding; to review the fines that may be imposed in respect of offences; and to exclude the territory of South West Africa from the application of the Act; to amend the Animals Protection Act, 1962, so as to further define and extend actions constituting offences; to review the fines that may be imposed in respect of offences; and to exclude the territory of South West Africa from the application of the Act; and to provide for matters connected therewith.**

*(English text signed by the State President.)*
*(Assented to 15 March 1991.)*

BE IT ENACTED by the State President and the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Substitution of section 1 of Act 24 of 1935**

**1.** The following section is hereby substituted for section 1 of the Performing Animals Protection Act, 1935 (hereinafter referred to as the principal Act):

> **"Restriction on exhibition and training of performing animals and use of dogs for safeguarding**
>
> **1.** No person shall exhibit or train or cause or permit to be exhibited or trained for exhibition any animal of which he is the owner or has the lawful custody <u>or use any dog for safeguarding</u> unless such person is the holder of a licence.".

**Substitution of section 2 of Act 24 of 1935, as amended by section 18 of Act 62 of 1955 and section 1 of Act 7 of 1972**

**2.** The following section is hereby substituted for section 2 of the principal Act:

> **"Magistrate may issue licence for exhibiting and training of performing animals and for use of dogs for safeguarding**
>
> **2.** Any person intending to exhibit or train for exhibition any animal, <u>or who uses a dog for safeguarding</u>, may apply <u>in writing in the prescribed form</u> to the magistrate of the district in which such person resides, <u>performs or carries on business</u>, for a licence to do so, who shall grant the same: Provided that—
>
> *(a)* the magistrate is satisfied that such person is a fit and proper person;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

**[ ]** Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

________ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

# WET

**Tot wysiging van die Beskerming van Gedresseerde Diere Wet, 1935, ten einde die bepalings van die Wet uit te brei om honde wat vir beveiliging gebruik word, in te sluit; die boetes wat ten opsigte van misdrywe opgelê kan word, te hersien; en die gebied Suidwes-Afrika van die toepassing van die Wet uit te sluit; tot wysiging van die Dierebeskermingswet, 1962, ten einde optrede wat misdrywe uitmaak, nader te omskryf en uit te brei; die boetes wat ten opsigte van misdrywe opgelê kan word, te hersien; en die gebied Suidwes-Afrika van die toepassing van die Wet uit te sluit; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

*(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 15 Maart 1991.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Vervanging van artikel 1 van Wet 24 van 1935**

**1.** Artikel 1 van die Beskerming van Gedresseerde Diere Wet, 1935 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby deur die volgende artikel vervang:

> **"Beperking op vertoning en afrigting van gedresseerde diere en gebruik van honde vir beveiliging**
>
> **1.** Geen persoon vertoon enige dier waarvan hy die eienaar is of regmatige bewaring het of rig dit af of laat dit vertoon of vir vertoning afrig of veroorloof die vertoning of afrigting daarvan vir vertoning of gebruik 'n hond vir beveiliging nie tensy sodanige persoon die houer van 'n lisensie is.".

**Vervanging van artikel 2 van Wet 24 van 1935, soos gewysig deur artikel 18 van Wet 62 van 1955 en artikel 1 van Wet 7 van 1972**

**2.** Artikel 2 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

> **"Magistraat kan lisensie uitreik vir vertoning en afrigting van gedresseerde diere en vir gebruik van honde vir beveiliging**
>
> **2.** Enige persoon wat voornemens is om enige dier te vertoon of vir vertoning af te rig, of wat 'n hond gebruik vir beveiliging, kan skriftelik op die voorgeskrewe vorm om 'n lisensie daartoe by die magistraat van die distrik waarin bedoelde persoon woon, optree of besigheid dryf, aansoek doen, wat dit toestaan: Met dien verstande dat—
>
> *(a)* die magistraat oortuig is dat sodanige persoon 'n geskikte en bevoegde persoon is;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



*(b)* such licence shall be granted for a calendar year and expire on the thirty-first December in every year;

*(c)* the magistrate may, if in his opinion there is good and sufficient reason, refuse to renew such licence; and

*(d)* the Minister may by regulation prescribe the form of **[such]** an application for a licence and the form of the licence, the conditions subject to which such licence shall be held, and the fee **[not exceeding ten rand]** which shall be paid for such licence and for the renewal thereof **[not exceeding two rand]**.".

**Substitution of section 3 of Act 24 of 1935, as amended by section 1 of Act 20 of 1985**

**3.** The following section is hereby substituted for section 3 of the principal Act:

**"Certificate in respect of licensed animals**

**3.** (1) **[With such licence shall be issued a certificate for]** The holder of a licence referred to in section 2 shall not exhibit or train any animal or cause it to be exhibited or trained for exhibition or use any dog for safeguarding unless he is in possession of a certificate authorizing such exhibition, training or use of all animals in respect of which such licence is held.

(2) The certificate referred to in subsection (1) shall be issued by the magistrate in the prescribed form after submission to him of the prescribed information by the licenceholder.

**[(2)]** (3) Upon such certificate shall be specified the form of training, **[and form of]** exhibition and use, as the case may be, of the animal or animals in respect of which it is issued.

**[(3)]** (4) It shall be competent for a magistrate upon the application of the holder of a certificate to amend such certificate by either—

*(a)* deleting therefrom animals which are no longer in the possession or custody of the holder; or

*(b)* adding other animals which have since the issue or renewal of the licence come into the possession or custody of the holder; or

*(c)* modifying the form of training **[or]**, exhibition or use specified thereon,

and for such amendment no charge shall be made.".

**Substitution of section 4 of Act 24 of 1935**

**4.** The following section is hereby substituted for section 4 of the principal Act:

**"Right of entry**

**4.** In addition to the powers conferred by any other law any police officer may—

*(a)* at any reasonable time enter upon any premises **[or]**, place or vehicle in which animals are maintained, or kept or confined for the purposes of exhibition or of being trained or of being transported or in which dogs used for safeguarding are maintained, kept, confined or conveyed;

*(b)* inspect any such animals, dogs, premises **[or]**, places or vehicles and may fully enquire into the measures and methods by which such animals or dogs are controlled, restrained **[and]**, trained or used and the course of feeding such animals or dogs; and

*(c)* during any exhibition of trained animals, or during the use of dogs for safeguarding, or at any other time, enter upon any premises **[or]**, place or vehicle or portion thereof used in connection with such exhibition or use in order to inspect such premises **[or]**, place or vehicle, the animals or dogs present therein and the conditions under which such animals or dogs are maintained, controlled and fed during such exhibition or use and at other times.".

**Amendment of section 5 of Act 24 of 1935, as substituted by section 2 of Act 20 of 1985**

**5.** Section 5 of the principal Act is hereby amended by the substitution for the expression "R2 000" of the expression "R4 000".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(b) sodanige lisensie vir 'n kalenderjaar toegestaan word en op een-en-dertig Desember elke jaar verval;

(c) die magistraat, indien hy van mening is dat daar goeie en voldoende redes bestaan, kan weier om sodanige lisensie te hernuwe; en

(d) die Minister by regulasie die vorm van **[sodanige]** 'n aansoek om 'n lisensie en die vorm van die lisensie, die voorwaardes waarvolgens sodanige lisensie gehou word, en die gelde **[van hoogstens tien rand]** wat vir sodanige lisensie **[betaal word]** en **[van hoogstens twee rand]** vir die hernuwing daarvan betaalbaar is, kan voorskryf.".

**Vervanging van artikel 3 van Wet 24 van 1935, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 20 van 1985**

**3.** Artikel 3 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

**"Sertifikaat ten opsigte van gelisensieerde diere**

**3.** (1) **[Met sodanige lisensie word 'n sertifikaat uitgereik vir]** Die houer van 'n lisensie in artikel 2 bedoel, vertoon of rig geen dier af of laat dit vertoon of vir vertoning afrig of gebruik 'n hond vir beveiliging nie tensy hy in besit is van 'n sertifikaat wat sodanige vertoning, afrigting of gebruik magtig van alle diere ten opsigte waarvan sodanige lisensie gehou word.

(2) Die sertifikaat in subartikel (1) bedoel, word deur die magistraat op die voorgeskrewe vorm uitgereik na voorlegging aan hom van die voorgeskrewe inligting deur die lisensiehouer.

**[(2)]** (3) Op sodanige sertifikaat word die soort afrigting, **[en soort]** vertoning en gebruik, na gelang van die geval, aangegee van die dier of diere ten opsigte waarvan dit uitgereik word.

**[(3)]** (4) Op aansoek van die houer van 'n sertifikaat is 'n magistraat bevoeg om sodanige sertifikaat te wysig deur—

(a) daarin die diere te skrap wat nie meer in besit of bewaring van die houer is nie; of

(b) ander diere toe te voeg wat sedert uitreiking of hernuwing van die lisensie in besit of bewaring van die houer gekom het; of

(c) die vorm van afrigting **[of]**, vertoning of gebruik daarin gespesifiseer, te wysig,

en vir so 'n wysiging word geen betaling gevra nie.".

**Vervanging van artikel 4 van Wet 24 van 1935**

**4.** Artikel 4 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

**"Reg van toegang**

**4.** Behalwe die bevoegdhede deur enige ander wet verleen, kan 'n polisiebeampte—

(a) te enige redelike tyd enige perseel **[of]**, plek of voertuig betree waarin diere onderhou of gehou of opgesluit word vir doeleindes van vertoning **[of]**, afrigting of vervoer of waarin honde wat vir beveiliging gebruik word, onderhou, gehou, opgesluit of vervoer word;

(b) sodanige diere, honde, persele, **[of]** plekke of voertuie besigtig en volledig ondersoek doen na die maatreëls en metodes waardeur sodanige diere of honde bestuur, beheer **[en]**, afgerig of gebruik word en die metode om sodanige diere of honde te voed; en

(c) gedurende enige vertoning van afgerigte diere, of gedurende die gebruik van honde vir beveiliging, of te enige ander tyd, enige perseel **[of]**, plek of voertuig of gedeelte daarvan wat gebruik word in verband met sodanige vertoning of gebruik, betree ten einde sodanige perseel, **[of]** plek of voertuig, die diere of honde daarin aanwesig en die toestande waaronder sodanige diere of honde gedurende sodanige vertoning of gebruik en te enige ander tyd onderhou, bestuur en gevoed word, te besigtig.".

**Wysiging van artikel 5 van Wet 24 van 1935, soos vervang deur artikel 2 van Wet 20 van 1985**

**5.** Artikel 5 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die uitdrukking "R2 000" deur die uitdrukking "R4 000" te vervang.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



**Amendment of section 7 of Act 24 of 1935, as amended by section 4 of Act 7 of 1972, section 1 of Act 54 of 1983 and section 3 of Act 20 of 1985**

**6.** Section 7 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for paragraph *(b)* of the following paragraph:

"*(b)* (i) the form of certificate which shall be issued **[with a licence]** in respect of licensed animals or dogs and the form of amendments which may be made on such certificates;

(ii) the information to be supplied for the issuing of a certificate referred to in subparagraph (i), which includes the manner of identification of an animal or dog;"; and

*(b)* by the substitution for paragraphs *(d)* and *(e)* of the following paragraphs, respectively:

"*(d)* any other reasonable requirement which may be necessary to prevent cruelty or suffering in the exhibition, training, maintenance, use or travelling of animals in respect of which a certificate has been granted; and

*(e)* a penalty of a fine not exceeding **[R2 000]** R4 000 or imprisonment for a period not exceeding twelve months for a contravention of any regulation.".

**Amendment of section 8 of Act 24 of 1935, as amended by section 5 of Act 7 of 1972, section 2 of Act 54 of 1983 and section 4 of Act 20 of 1985**

**7.** Section 8 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (1) for the expression "R2 000" of the expression "R4 000".

**Substitution of section 9 of Act 24 of 1935**

**8.** The following section is hereby substituted for section 9 of the principal Act:

**"Saving**

**9.** Nothing in this Act shall apply to the confinement or training of animals for military, police or sporting purposes or the purpose of an agricultural show, horse show, dog show, caged bird show or any public zoological gardens, or to the exhibition of animals at a military or police tournament or a gymkhana, or at any such show or in any such gardens or to the use of a dog for safeguarding by the South African Defence Force, the South African Police or the Prisons Service.".

**Amendment of section 11 of Act 24 of 1935, as amended by section 7 of Act 7 of 1972**

**9.** Section 11 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for the definition of "train" of the following definition:
"'train' means train for the purpose of exhibiting or of use for safeguarding;"; and

*(b)* by the addition of the following definition:
"'use for safeguarding' means the training, use or placing at disposal for gain, or the letting, of a dog, with a view to or for the protection of persons and property.".

**Repeal of section 11A of Act 24 of 1935, as inserted by section 8 of Act 7 of 1972**

**10.** Section 11A of the principal Act is hereby repealed.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



**Wysiging van artikel 7 van Wet 24 van 1935, soos gewysig deur artikel 4 van Wet 7 van 1972, artikel 1 van Wet 54 van 1983 en artikel 3 van Wet 20 van 1985**

**6.** Artikel 7 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(b)* (i) die vorm van sertifikaat wat **[met 'n lisensie]** ten opsigte van gelisensieerde diere of honde uitgereik word en die vorm van wysigings wat in sodanige sertifikate gemaak kan word;

(ii) die inligting wat verstrek moet word vir die uitreiking van 'n sertifikaat bedoel in subparagraaf (i), wat die wyse van identifikasie van 'n dier of hond insluit;"; en

*(b)* deur paragrawe *(d)* en *(e)* deur onderskeidelik die volgende paragrawe te vervang:

"*(d)* enige ander redelike vereiste wat nodig kan wees om wreedheid of lyding te voorkom met die vertoning, afrigting, onderhoud, gebruik of reis van diere ten opsigte waarvan 'n sertifikaat toegestaan is; en

*(e)* 'n boete van hoogstens **[R2 000]** R4 000 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande vir 'n oortreding van 'n regulasie.".

**Wysiging van artikel 8 van Wet 24 van 1935, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 7 van 1972, artikel 2 van Wet 54 van 1983 en artikel 4 van Wet 20 van 1985**

**7.** Artikel 8 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (1) die uitdrukking "R2 000" deur die uitdrukking "R4 000" te vervang.

**Vervanging van artikel 9 van Wet 24 van 1935**

**8.** Artikel 9 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

**"Voorbehoud**

**9.** Geen bepaling van hierdie Wet is van toepassing op die opsluiting of afrigting van diere vir militêre, polisie- of sportdoeleindes of vir landboutentoonstellingsdoeleindes of van toepassing op 'n perde- of hondetentoonstelling of 'n tentoonstelling van voëls in hokke of enige openbare soölogiese tuine, of op die vertoning van diere op 'n militêre of polisietoernooi of 'n gymkhana of op enige sodanige tentoonstelling of in enige sodanige tuine, of op die gebruik van 'n hond vir beveiliging deur die Suid-Afrikaanse Weermag, Suid-Afrikaanse Polisie of die Gevangenisdiens nie.".

**Wysiging van artikel 11 van Wet 24 van 1935, soos gewysig deur artikel 7 van Wet 7 van 1972**

**9.** Artikel 11 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die omskrywing van "afrig" deur die volgende omskrywing te vervang:

"'afrig' beteken afrig vir doeleindes van vertoning of van gebruik vir beveiliging;"; en

*(b)* deur die volgende omskrywing by te voeg:

"'gebruik vir beveiliging' beteken die afrigting, gebruik of beskikbaarstelling teen vergoeding, of die verhuring, van 'n hond, met die oog op of vir die beskerming van persone en eiendom.".

**Herroeping van artikel 11A van Wet 24 van 1935, soos ingevoeg deur artikel 8 van Wet 7 van 1972**

**10.** Artikel 11A van die Hoofwet word hierby herroep.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



**Substitution of long title of Act 24 of 1935**

**11.** The following long title is hereby substituted for the long title of the principal Act:

"ACT

To regulate the exhibition and training of performing animals and the use of dogs for safeguarding.".

**Amendment of section 1 of Act 71 of 1962**

**12.** Section 1 of the Animals Protection Act, 1962, is hereby amended by the substitution for the definition of "veterinarian" of the following definition:

"'veterinarian' means a person registered as such under the **[Veterinary Act, 1933 (Act No. 16 of 1933)]** Veterinary and Para-Veterinary Professions Act, 1982 (Act No. 19 of 1982).".

**Amendment of section 2 of Act 71 of 1962, as amended by section 21 of Act 102 of 1972, section 3 of Act 54 of 1983 and section 5 of Act 20 of 1985**

**13.** Section 2 of the Animals Protection Act, 1962, is hereby amended—

*(a)* by the substitution for paragraph *(a)* of subsection (1) of the following paragraph:

"*(a)* **[cruelly]** overloads, overdrives, overrides, **[beats, kicks, goads]** ill-treats, neglects, infuriates, **[terrifies]** tortures or maims or cruelly beats, kicks, goads or terrifies any animal; or";

*(b)* by the substitution for paragraph *(m)* of subsection (1) of the following paragraph:

"*(m)* conveys, **[or]** carries, confines, secures, restrains or tethers any animal—

(i) under such conditions or in such a manner or position or for such a period of time or over such a distance as to cause that animal unnecessary suffering; or

(ii) in conditions affording inadequate shelter, light or ventilation or in which such animal is excessively exposed to heat, cold, weather, sun, rain, **[or]** dust, exhaust gases or noxious fumes; or

(iii) without making adequate provision for suitable food, potable water and rest for such animal in circumstances where it is necessary; or"; and

*(c)* by the substitution in subsection (1) in the words following upon paragraph *(s)*, for the expression "R2 000" of the expression "R4 000".

**Amendment of section 5 of Act 71 of 1962, as amended by section 10 of Act 7 of 1972**

**14.** Section 5 of the Animals Protection Act, 1962, is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) Any police officer who destroys any animal or causes it to be destroyed in the absence of the owner shall, if such owner's name and address are known, advise him of the destruction, and where the destruction of any animal takes place on any public place or public road shall, subject to the provisions of the **[Animal Diseases and Parasites Act, 1956 (Act No. 13 of 1956)]** Animal Diseases Act, 1984 (Act No. 35 of 1984) **[or the Animal Diseases and Parasites Ordinance, 1959 (Ordinance No. 34 of 1959) of the territory of South-West Africa, as the case may be]**, remove the carcass or cause it to be removed therefrom.".

**Amendment of section 10 of Act 71 of 1962, as amended by section 4 of Act 54 of 1983, section 1 of Act 84 of 1985 and section 8 of Act 20 of 1985**

**15.** Section 10 of the Animals Protection Act, 1962, is hereby amended by the substitution in subsection (2) for the expression "R2 000" of the expression "R4 000".

**Repeal of section 10A of Act 71 of 1962, as inserted by section 11 of Act 7 of 1972**

**16.** Section 10A of the Animals Protection Act, 1962, is hereby repealed.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



**Vervanging van lang titel van Wet 24 van 1935**

**11.** Die lang titel van die Hoofwet word hierby deur die volgende lang titel vervang:

"WET

Tot reëling van die vertoning en afrigting van gedresseerde diere en die gebruik van honde vir beveiliging.".

**Wysiging van artikel 1 van Wet 71 van 1962**

**12.** Artikel 1 van die Dierebeskermingswet, 1962, word hierby gewysig deur die omskrywing van "veearts" deur die volgende omskrywing te vervang:

"'veearts' 'n persoon wat kragtens die **[Veeartswet, 1933 (Wet No. 16 van 1933)]** Wet op Veterinêre en Para-Veterinêre Beroepe, 1982 (Wet No. 19 van 1982), as sodanig geregistreer is.".

**Wysiging van artikel 2 van Wet 71 van 1962, soos gewysig deur artikel 21 van Wet 102 van 1972, artikel 3 van Wet 54 van 1983 en artikel 5 van Wet 20 van 1985**

**13.** Artikel 2 van die Dierebeskermingswet, 1962, word hierby gewysig—

*(a)* deur paragraaf *(a)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* 'n dier **[wreedaardig]** oorlaai, oorwerk, flou ry, **[slaan, skop, voortdryf]** mishandel, verwaarloos, woedend maak, **[verskrik]** pynig, of vermink of wreedaardig slaan, skop, voortdryf of verskrik; of";

*(b)* deur paragraaf *(m)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(m)* 'n dier vervoer, **[of]** dra, inperk, vasmaak, beperk, of op tou slaan—

(i) onder sulke toestande of op so 'n wyse of in so 'n houding of vir so 'n tydperk of oor so 'n afstand dat onnodige lyding aan daardie dier veroorsaak word; of

(ii) in toestande wat nie voldoende beskutting, lig of lugtoevoer bied nie, of wat daardie dier oormatig aan hitte, koue, die weer, son, reën, **[of]** stof, uitlaatgasse of skadelike dampe blootstel; of

(iii) sonder om, in omstandighede waar dit nodig is, voldoende voorsiening vir geskikte voedsel, drinkbare water en rus vir daardie dier te maak; of"; en

*(c)* deur in subartikel (1) in die woorde wat op paragraaf *(s)* volg, die uitdrukking "R2 000" deur die uitdrukking "R4 000" te vervang.

**Wysiging van artikel 5 van Wet 71 van 1962, soos gewysig deur artikel 10 van Wet 7 van 1972**

**14.** Artikel 5 van die Dierebeskermingswet, 1962, word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) 'n Polisiebeampte wat 'n dier in afwesigheid van die eienaar afmaak of laat afmaak, moet, indien bedoelde eienaar se naam en adres bekend is, hom van die afmaking in kennis stel, en moet, maar onderworpe aan die bepalings van die **[Wet op Dieresiektes en -parasiete, 1956 (Wet No. 13 van 1956)]** Wet op Dieresiektes, 1984 (Wet No. 35 van 1984) **[of die Ordonnansie op Dieresiektes en -parasiete, 1959 (Ordonnansie No. 34 van 1959), van die gebied Suidwes-Afrika, na gelang van die geval]**, waar 'n dier op 'n openbare plek of openbare pad afgemaak word, die karkas vandaar verwyder of laat verwyder.".

**Wysiging van artikel 10 van Wet 71 van 1962, soos gewysig deur artikel 4 van Wet 54 van 1983, artikel 1 van Wet 84 van 1985 en artikel 8 van Wet 20 van 1985**

**15.** Artikel 10 van die Dierebeskermingswet, 1962, word hierby gewysig deur in subartikel (2) die uitdrukking "R2 000" deur die uitdrukking "R4 000" te vervang.

**Herroeping van artikel 10A van Wet 71 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 11 van Wet 7 van 1972**

**16.** Artikel 10A van die Dierebeskermingswet, 1962, word hierby herroep.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



**Short title and commencement**

**17.** (1) This Act shall be called the Protection of Animals Amendment Act, 1991, and shall come into operation on a date fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

(2) Different dates may be so fixed in respect of different provisions of this Act.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



**Kort titel en inwerkingtreding**

**17.** (1) Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Beskerming van Diere, 1991, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

(2) Verskillende datums kan aldus ten opsigte van verskillende bepalings van hierdie Wet bepaal word.